Hoe om begronding te doen – die bloukraanvoël

Hierdie aanbieding kan gebruik word om Voortrekkers bewus te maak van ’n paar aspekte. Die Voortrekkers leer van bedreigde spesies, ons nasionale voël, Voortrekkerkode 6 en 7 en Burgerskap.

? Stappe

1. Deel aan elke spanlid ’n 5-sent muntstuk uit.
2. Laat die spanlede raai waaroor die spanbyeenkoms gaan handel.
3. Vertel hulle van die nasionale voël van Suid-Afrika.

Ons nasionale voël

Bloukraanvoël (*Anthropoides paradisia)*

Hierdie voël kom slegs in Suidelike Afrika in die vrye natuur voor. Veral in sekere natuurstreke is hy in sy element, naamlik op die kort grasvelde en geploegde landerye van veral die Wes- en Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Noord-Vrystaat en Gauteng. ’n Klein bevolking woon ook op die Etoshapanne in Namibië.

Hier skarrel die bloukraanvoëls op hulle daaglikse snuffeltogte agter sade, insekte en klein reptiele aan. Hul kenmerkende, betreklik hoë ge-"kraaaarrrk" kan wel van ver af gehoor word, maar hulle is gewoonlik eintlik swygsaam.

Ons elegante, ligte blougrys nasionale voël met sy knopkieriekop en lang, biesierige bene is sowat ’n meter hoog. Die voëls wei dikwels saam-saam in pare of as klein familiegroepe, en die wyfies lê hulle eiers sommer so in die oopte – baiemaal naby water.

Kraanvoëls is goeie voorbeelde van moderne ouers. Albei geslagte help met die bou van ’n nes, asook die uitbroei en grootmaak van die kleintjies. Gespikkelde, roomkleurige eiers, meestal twee op ’n keer, word gewoonlik gelê in ’n vlak nes gelê wat met stoppels en klein klippies omring is. Die eiers broei binne 33 dae uit. Die kleintjies kan eers ná drie maande vlieg, en hulle ouers versorg hulle byna ’n jaar lank voordat hulle vir hulself kan sorg.

Ongelukkig is hierdie uitsonderlike bloukraanvo ël en sy plaaslike familielede, die lelkraan en die mahem, ook baie hoog op die lys van voëls wat beskerming nodig het. In vroeër jare was hulle in hulle derduisende op ons vlaktes te sien.

4. Die Bloukraanvoël is hoog op die lys van voëls wat beskerming nodig het. Eens op ’n tyd was daar byna 100 000 van hierdie voëls oor Suidelike Afrika versprei. Sedert die vroeë tagtigerjare het die getalle egter drasties afgeneem. Die skatting is dat daar slegs ongeveer 20 000 van die voëls nog vandag oor is.
   Wat dink jy is die oorsaak dat hulle getalle so afgeneem het?

Die getalle-afname is die gevolg van die verandering in hulle habitat, veral weens boerdery, die versteuring van hulle neste, en vergiftiging. Gevalle is al aangemeld waar tot 600 voëls op een slag vergiftig is – dit is gewis ’n gevoelige slag vir ’n bevolking wat op sowat 20 000 voëls wêreldwyd geskat word. Kraanvoëls kan ook baie seerkry of hulle selfs doodskok indien hulle in oorhoofse kragdrade of heinings vasvlieg.

5. Kan jy as Voortrekker iets doen?

In Suid-Afrika kan elkeen van ons ’n verskil maak (**B**urgerskap). Hierdie is ons land en ons kan iets doen aan die beskerming van bedreigde spesies. Ondersteun organisasie wat betrokke is by die beskerming van bedreigde spesies. As jy ’n bloukraanvoël met kleurringe teëkom, laat weet die kraanvoëlwerkgroep by crane@ewt.org.za.

6. Watter Voortrekkerkode(s) sluit aan by wat ons vandag gedoen het?
Kode 6: ’n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
Kode 7: ’n Voortrekker is ’n goeie landsburger.

7. Speletjies om te speel: **Al die voëls vlieg**
   - Die spelers sit in ’n kring om die Leier.
   - Leier sê “?? vlieg” en beweeg sy arms soos vleuels.
   - As die ding wat hy noem, kan vlieg, dan beweeg almal hulle arms, indien nie, bly hulle stil.
   - As die leier byvoorbeeld sê: “Mossies vlieg”, dan beweeg almal hul arms, maar as hy sê: “Perde vlieg”, beweeg hulle nie.
   - As die leier sê: “Varke vlieg”, dan moet die spelers uitroep: “Hulle sou vlieg as hulle kon, maar hulle kan nie”, en weghardloop, terwyl die leier hulle agternasit.
   - Enige speler wat gevang word of op die verkeerde tyd wegloop of sy arms op die verkeerde tyd beweeg, verloor 1 punt.
   - Indien ’n speler 3 punte teen hom het, is hy uit.
   - Die wat die langste inbly, is die wenner.

8. ’n Voortrekkerliedjie wat spanlede kan sing :

Hoor hoe sing die voëltjies,
ruik hoe ruik die veld,
lekker waai die windjie,
ons ruil dit vir geen geld.
Ons sing nou fie-faai fie-die-ha-dou,
Lag so ha! ha! ha! ha!
Ons wil jou so hou,
mooi Suid-Afrika.

☺ Wenke

1. Vir meer inligting sien webblad:
   http://www.mieliestronk.com/kraanvoels.html
2. Besoek die Austin Roberts Voëlpark in Brooklyn, Pretoria. Daar is bloukraanvoëls. Jy kan ook binne in die voëpark met ’n gids stap. Die gids sal die verskillende voëlssoorte vir jou wys. Die uitstappie duur ongeveer ’n uur. Reël met die Tshwane Metroraad. Daar is koste aan verbonde.

☠ Waarskuwings

1. Moenie te lank praat nie. Vra eerder vrae en laat die spanlede antwoord. Gee dan elke keer die korrekte antwoord.

🕮 Bronne

1. http://www.mieliestronk.com/sasimbole.html
2. http://www.mieliestronk.com/kraanvoels.html
3. *Weg*, Mei 2008
4. *Speletjies van A-Z* versamel deur Anna M. de Jager